Is u seker daarvan, meneer? -- Ja.

Want u sien in u toespraak op die begrafnis van Vusi sê u anderste. Op bladsy 2 daarvan van BEWYSSTUK DA.183, daar op bladsy 2 die heel eerste sin sê u: "Vusi's real offence is (20 that he has dared to stand up for truth and students' demands". Nou vertel vir ons vir watter "demands" het Vusi opgestaan wat veroorsaak het dat hy gedood is? Of soos jy dit hier gestel het, waar hy ekstremistiese gevaar getrotseer het.

HOF: Buitengewone persoonlike gevaar.

MNR JACOBS: Dankie, edele. -- Moet ek nou antwoord daarop?

Ja, jy moet antwoord. Ek het jou dan gevra. -- Een van die klagtes wat hulle oor gekla het, dit is nou Vusi en die ander skoliere in Tsakane was dat die polisie Tsakane as 'n woonbuurt heeltemal moet ontruim.

(30

So / ..

So is dit.. -- Dit is een van die (gelyk) Verskoon my, dit is een van die eise wat hulle gestel het.

Kom ons kry nou net duidelik. Jy sê "hulle" gestel het. Wie is die "hulle" wat dit gestel het? -- Die skoliere van Tsakane.

Van enige spesifieke skool of van baie ander skole? -- Dit was 'n eis van al die skoliere in Tsakane. Destyds het Tsakane net een sekondêre skool gehad. Die primêre skole sal ek nie spesifieke een betrokke was nie maar wat ek wel in die algemeen kan sê is dat hulle wou ook nie die polisie se (10 teenwoordigheid gehad het nie.

Al die skole het daardie eis gestel? -- Ja.

Goed, dit is nou een. Die een eis wat u sê hulle geëis het is dat die polisie moet die woonbuurt ontruim. Wat was die ander eise? -- Dat hulle daar 'n komitee wil hê wat deur die skoliere aanvaar word.

Watse komitee? -- SRC komitee.

Was dit daar gestel deur Vusi se skool en al die skole daar in Tsakane? -- Al was Vusi nie meer op skool in Tsakane nie hy was nogtans 'n skolier waar hy was. Ek aanvaar dat (20 hy 'n skolier was dus neem ek aan dat al die skoliere wat net skoliere is in Tsakane het ook bygedra tot hierdie eis.

HOF: Dus dit 'n algemene eis deur al die skoliere? -- Ja, dit is so.

MNR JACOBS: Goed, wat is die volgende eis? -- Dit is die wat ek van weet.

Maar was daar nie 'n eis gewees oor die ouderdomsbepkering wat gestel is vir skoolbywoning nie? -- Ek sal nie kan sê nie want ek het eers daarvan begin hoor gedurende die jaar 1985.

Was daar nie eise gestel in daardie tyd omtrent (30

handboeke / ..

handboeke of teksboeke soos dit genoem word nie? -- Nee, dit weet ek nie van nie. Dit wat ek nou net genoem het is die enigste eise wat ek van bewus was.

Waarvoor Vusi opgestaan het? -- Is dit nou 'n vraag of is dit net kommentaar?

Ja, dit is my vraag. Waarvoor Vusi ook opgestaan het? -- Al die skoliere ingesluit Vusi.

Nou hoe weet jy dat Vusi daarvoor opgestaan het? -- Ek aanvaar Vusi as een van die leerlinge in Tsakane en dit was gewees dat Tsakane se leerlinge dit as 'n eis stel en omdat (10 ek Vusi aanvaar het as een van die leerlinge in Tsakane kan dit wees dat dit deur iemand anders gesê word, maar omdat hy ook 'n leerling is van Tsakane aanvaar ek dit dat hy dit ook so aanvaar het as 'n leerling van Tsakane. Nie noodwendig dat ek sê Vusi dit pertinent self geopper het nie.

Maar dit is wat jy hier sê in die toespraak daar aan die mense. -- Hier praat ek van 'n oorledene, 'n kind wat eintlik 'n kind was van sy ouers. Hier het ek hom gepraat deur te sê dat hy ook 'n bydrae gehad het, nie noodwendig bedoel het dat hy eintlik 'n leier was van die gebeure daar nie maar dat hy (20 darem ook bygedra het as 'n leerling deur saam te staan, dit wil sê verenig met die leerlinge wat dit geopper het as 'n eis.

Hoekom meld jy nou leier spesifiek? -- Dit noem ek want na sy dood, dit is Vusi se dood, het dit begin bekend word dat hy 'n leier was onder die skoliere en ons ken Vusi as 'n skolier iewers nie in Tsakane nie en ook nie as 'n leier nie.

So hy was 'n leier? Hy was bekend as 'n leier daar in Tsakane? -- Dit is wat gesê was na sy dood.

Ja, en hy was 'n leier want hy was die voorsitter van die COSAS-tak in Tsakane gewees? -- Toe Vusi dood is was COSAS (30

nog / ..

nog nie eens bekend in Tsakane nie.

Jy sê dat in Tsakane het niemand geweet dat daar so-iets is soos COSAS nie? -- Daar is ses kinders by ons huis wat nog op skool was. Indien daar iets soos COSAS by die skole was sou hulle my daarvan gesê het, dus sou ek geweet het daarvan.

Jy sê COSAS was nie bekend in Tsakane nie, is dit wat jy sê? -- Ja.

Maar dit is mos nou 'n belaglikheid. Hoe kan jy nou sê wat die mense in Tsakane weet of nie weet nie? -- Dit is omdat ek sê as die kinders by die huis, my broers byvoorbeeld, (10 nie weet van COSAS nie wat te doene het met die mense op skool niemand anders dan wat nie op skool is sal daarvan weet nie.

Het jy van COSAS geweet daardie tyd? -- Ja, van koerant-berigte se inligting het ek.

Nou hoe het Vusi opgestaan omtrent hierdie regte dat hy dan daar doodgemaak is? Wat het hy gedoen? -- Ek sal nie sê dat hy opgestaan het vir die regte nie maar wat ek eintlik hier sê is dat hy geskiet is terwyl hy in die geselskap was van ander skoliere.

U sê hy het nie opgestaan vir regte nie, maar dit is (20 dan presies wat jy hier sê? -- Hier bedoel ek nie dat Vusi het opgestaan as 'n persoon vir die regte nie. Ek sê Vusi saam met die ander wat leerlinge was het opgestaan, maar in hierdie geval verwys ek na hom as 'n enkellopende persoon.

Sê bietjie vir die hof hoe het Vusi en hierdie ander mense hulle eise vooraf bekendgemaak? -- Vir my om dit te weet het ek van my broer gehoor wat op skool was, wat die verlange van die skoliere was, naamlik dat hulle wou gehad het dat daar SRCs moet wees.

Was dit bespreek op vergaderings of hoe? -- Nee, ons (30

het / ..

het daarvan gepraat by die huis.

Maar was dit nie algemeen bekend by die ouers gewees wat was die kinders se probleme, wat wou hulle hê en wat was hulle eise nie? -- Dit was eers daar om en by die einde van Oktobermaand gewees dat dit bekend geword het aan die ouers wat die eise van die leerlinge was. Dit wil sê na die vergadering wat in die gemeenskapsaal gehou was.

Watse vergadering praat jy nou van? -- Dit is die vergadering wat ek van praat wat ek ook deel gehad het om te organiseer dat dit daar in die saal gehou moet word, omdat ek alreeds (10 gewet het wat die skoliere se probleme was en dit moet oorgedra word aan die ouers.

So het jy 'n vergadering gaan reël in die gemeenskapsaal sodat die skoliere se probleme oorgedra kan word aan die ouers? -- Ja.

Hoe het dit gekom? Met wie het jy die organisering van hierdie vergadering gereël, met watter ander instansies of liggame of persone? -- Soos ek alreeds vroeër gesê het daar is ses ander kinders by die huis wat op skool was. Toe ek gesien het dat dinge nou verder gaan het ek besluit om 'n (20 predikant te gaan sien van die Anglikaanse kerk waar ek hierdie probleme met hom gaan bespreek het, en toe die voorstelle bereik het.

Watse voorstelle? -- Die voorstelle wat ek van praat is toe ek by hierdie predikant gekom het sê ek vir hom kyk, ek weet nou wat die probleme van die kinders is hoekom hulle nie meer skool toe gaan nie en ek sien die ding gaan verder. Hoe sal dit wees as ons 'n vergadering hou van die kinders laat ek aan die ouers verduidelik wat ek gehoor het wat die probleme is en wat veroorsaak dat die kinders nie meer skool toe (30 gaan / ..

gaan nie. Dit was my voorstel wat ek gemaak het aan hierdie predikant.

HOF: Wie was die predikant? -- Rev Ntsaere.

MNR JACOBS: Het Abel Mnisi ook gehelp met die organisering van hierdie vergadering? -- Nee.

Maar jy het maar net van twee van die kinders se probleme geweet sover ek weet, wat jy vir die hof hier van vertel het? -- Net twee kinders?

Net twee van die kinders of van die leerlinge se probleme.

HOF: Net twee probleme of twee kinders? (10

MNR JACOBS: Twee probleme.

HOF: U het net van twee probleme geweet. -- Ja, dit is so.

MNR JACOBS: Nou jy sê jy het geweet wat hulle probleme is. Hoe het die twee probleme nou veroorsaak dat hulle nie skool toe gaan nie? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie.

HOF: Hoe is dit dat die skoleboikot veroorsaak is deur hierdie twee probleme van die kinders? -- Ek weet ook nie want ek is nie 'n skoolier nie maar dit is aan my genoem as die oorsaak van die boikot van skole volgens wat hulle my sê.

MNR JACOBS: Kan ek net duidelikheid kry. Van hier van (20 Oktober af, sê aan die begin van Oktober, ten minste hier van 2 na 4 Oktober tot die einde van daardie jaar het die kinders die skole geboikot. -- Die boikot van skole het eintlik begin op die volgende dag na Vusi geskiet was.

En geduur tot die einde van die jaar? -- Verskoon my die gebruik van die woord was bietjie verkeerd gebruik hierso. Dit was na 'n paar dae wat Vusi geskiet was dat die skoleboikot begin het waar mense kon sien dat kinders wel skool toe gaan maar dit is nie meer soos dit normaal was nie, dat die bywoning so beskrywe kan word nie. (30

HOF / ..

HOF: Bedoel u daar was 'n klasboikot en hulle het wel skool toe gegaan of bedoel u net 'n gedeelte van die kinders het na die skool toe gegaan? -- Wat ek daarby bedoel is dat 'n gedeelte van die kinders het skool toe gegaan en die ander gedeelte het nie skool toe gegaan nie.

En die deel wat gaan, het hulle klasse bygewoon of het hulle buite gesit? -- Dit sal ek nie kan sê nie. Al wat ek geweet het is daar is kinders wat skool toe gaan soos byvoorbeeld my broertjie die het skool toe gegaan met die uniform maar hy sal nou nie weet of hulle die klasse geboikot het (10 of wat gebeur het by die skool nie.

Kan ek dit aan u so stel. Was daar sekere laerskole wat wel normaal gefunksioneer het en die hoërskole het nie gefunksioneer nie? -- Die primêre skole het skool toe gegaan normaal tot op 'n stadium soos ek al gesê het, dat 'n gedeelte van die hoërskool skoliere skole toe gegaan het waar almal nou besluit het dat hulle nie meer skool toe gaan nie.

Dankie.

MNR JACOBS: En dit het geduur tot die einde van die jaar. Nadat hulle besluit het niemand gaan nou meer skool toe nie (20 het dit geduur tot die einde van die jaar? -- Nee, dit het nie so geduur vir die hele jaar nie want na die vergadering wat ons met die ouers gehad het, het al die kinders teruggekeer skool toe insluitende die hoërskole en die primêre skole.

Ek sal nou daarby kom ek wil net sekerheid oor 'n ander punt van jou vra. Het jy kennis gedra of die departement van onderwys skole gesluit het na die boikotte daar begin het? -- Nee, die skole het aangegaan want die skoliere het aangegaan met die skool tot hulle eksamen geskryf het. Niks was gesê van daardie aard dat die skole gesluit word nie. (30

Nou / ..

Nou die vergadering wat daar gehou was op jou aandrang en jou inisiatief gehou was, het jy van die skoliere uitgenooi om as sprekers op te tree by daardie vergadering? -- Die vergadering soos ek gesê het was bedoel dat ons met die ouers dit moet bespreek so daar was geen skoliere wat genooi was om die vergadering by te woon nie.

Dit was nie nodig vir die skoliere om vir ouers te kom vertel kyk, dit is ons probleme nie? -- In die verloop van die vergadering daar het dit duidelik geword dat teenwoordig daar tussen die gehoor was jeugdiges, maar wat ek hier wil sê (10 is dat hulle was nie genooi nie.

HOF: Maar het hulle gepraat? -- Ja, daar is van die jeugdiges wat gepraat het.

En hulle griewe gestel? -- Ja, hulle het griewe gestel.

MNR JACOBS: Wat is die griewe wat hulle toe daar genoem het? Was dit meer as hierdie griewe wat jy genoem het? -- Ja, daar is nog 'n ander ene wat hulle genoem het by hierdie vergadering, dit is behalwe die twee wat ek alreeds van gepraat het.

Wat is dit? -- Dit is die skryf van die eksamen deur die matrikulante in daardie tyd. (20

HOF: Hulle wou nie skryf nie? -- Nee, hulle wou geskryf het. Nee, wat hulle gesê het was dat as gevolg van die feit dat hulle nie altyd op skool was nie is hulle dan nog nie gereed om eksamen te skryf nie. As ek mag voortgaan?

Ja. -- Die vergadering se antwoord daarop aan hulle was dat hulle moet teruggaan na die hoof van die skool toe en dit aan hom noem as 'n probleem wat hulle het aangaande die skryf van die eksamens dat hy dan kan sien hoe hy dit kan oplos.

MNR JACOBS: Maar het julle as ouers, of die ouers daar dan nie besluit om dit self op te neem en met die hoof te gaan (30

praat / ..

praat nie? -- Nee.

Was die bedoeling dan nie dat julle die kinders nou moes help nie? -- Dit was ons bedoeling gewees ja, om die kinders te help, maar wat hierdie probleem betref die het net 'n klompie kinders betrek. Ons hoofdoel daar was oor 'n probleem van al die kinders sonder om 'n uitsondering te maak van watter standerd die kind in is. Dat die kinders net teruggaan skool toe.

HOF: Kan ek net hier 'n ding vra? Ek kan begryp dat die hoërskole SRCs wil hê maar was dit so dat die laerskole SRCs wou hê? -- Van die twee probleme wat daar bestaan het die (10 laerskole, dit is die primêre skole en die laerskole se probleem was oor die teenwoordigheid van die soldate daar. Ek kan nie onthou dat hulle iets te sê gehad het aangaande die SRCs nie.

Dankie.

MNR JACOBS: Was daar nie dan ook by die klagtes wat ons - die drie wat ons nou het, dan nog 'n verdere een dat studente wat tydens hierdie onluste aangehou is, dat hulle moet vrygelaat word nie? -- Ja, daar was so-iets.

Ja, so dit was ook nog 'n eis van die kinders gewees nê? -- Ek sal nie sê dat dit net die kinders was nie want selfs (20 die ouers het daarvan gehou dat die kinders vrygelaat moet word.

Was daar baie kinders wat aangehou was weens aktiwiteite gedurende die onluste? -- Volgens my inligting was hulle nie baie nie.

Wat sou u sê is nie baie nie - 20, 100? -- Minder as 10.

Was 'n verdere eis wat die kinders gestel het nie dat die onderwysers ook moet ophou om die skooldogters te molesteer nie? -- Ek onthou nie dat ek so-iets gehoor het nie. As hulle dit gesê het miskien hulle het dit agter my rug gesê maar as voorsitter daar het ek nie daarvan bewus geword nie. (30

Nou / ..

Nou toe die kinders hulle griewe, die skoliere hulle griewe gelug het, het hulle nie daar ook gesê hulle maak beswaar teen die lyfstraf, die geweldige lyfstraf wat hulle toegedien word nie? -- Nee, ek onthou nie.

En oor boeke? -- Dit onthou ek ook nie of hulle dit genoem het nie.

Dit is heeltemal moontlik dat hulle dit genoem het maar jy het nou net vergeet daarvan? -- Ek onthou nie dat dit genoem is nie.

Nou goed, wat het julle toe nou daar besluit wat gaan (10 julle doen omtrent die griewe van die kinders, die eise wat hulle daar stel? -- Die skoliere het aan ons belowe en 'n waarborg gegee aan ons dat hulle teruggaan skool toe. Nou ja, nou is daar geen rede vir ons om te dink wat gedoen moet word oor die griewe of die eise wat deur die kinders gestel word nie.

HOF: Wanneer het hulle hierdie belofte gemaak? -- By hierdie vergadering wat gehou is om en by die einde van Oktobermaand.

Maar hoe kon hulle die beloftes maak? Daar was geen verteenwoordigers van die skoliere nie? -- Dit is die waarborg wat hulle ons gegee het. Hulle het ons 'n waarborg gegee (20 dat hulle skool toe sou gaan.

Kyk, u verstaan my vraag goed. U is nie 'n onintelligente man nie. Hierdie was 'n vergadering van ouers sê u. Daar was toevallig 'n paar jeugdiges in die saal en van hulle het gepraat. Hoe kon u by hierdie vergadering van die ouers 'n waarborg kry van die skoliere dat hulle sou teruggaan skool toe? -- Na die waarborg wat ons gekry het op die belofte wat gemaak is deur die skoliere dat hulle sal teruggaan skool toe by hierdie vergadering, teenwoordig daar was nog 'n onderwyser wat gesê het dat hulle alles in die magte wat hulle het sal doen om die (30

kinders / ..

kinders behulpsaam te wees dat hulle in die skool moet wees en bydra tot die oplossing van die kinders se probleme wat hier bespreek word as griewe.

Nou lei ek dan van u antwoord af dat daar verteenwoordigers van die kinders wat namens hulle kon praat en namens hulle ondernemings kon gee, op die vergadering was? -- Nee, die jeugdiges wat ek van praat wat hier by die vergadering teenwoordig was, was skoliere, nie lede van die komitee wat eintlik die gesag gehad het oor die skoliere nie, maar..

Watter komitee? -- Was skoliere, nie lede van die komitee nie. (10

Ja? -- Maar hulle het dinge gesê wat ons laat aanvaar het dat dit die houding is van die skoliere om terug te gaan skool toe.

Ja?

MNR JACOBS: Nou moet ons dan aanvaar dat sommer so het die leerlinge hulle eise abandoneer, laat vaar? -- Soos ek alreeds gesê het op die beloftes wat hulle vir ons gegee het, wat ek weet is dat hulle wel skool toe gegaan het. Of hulle nou besluit het om hierdie eise van hulle te los of wat die posisie is sal ek nie verder kan sê nie, maar wat ek wel kan sê is dat hulle skool toe gegaan het. (20

Nou die ouers self, het hulle nie besluit wat gaan hulle nou doen omtrent die klagtes van die kinders om dit te probeer oplos van hulle kant af nie? -- Soos ek gesê het die kinders belowe dat hulle teruggaan skool toe en die ouers sê toe - een ouer sê hulle sal polisiestase toe gaan, met die polisie daar gaan onderhandel dat die polisie daardie kinders wat in aanhouding is moet vrylaat sodat hulle ook skool toe kan gaan. Dit is al wat gesê is want dan is hierdie ding, die (30

moeilikheid/..

moeilikeid bietjie ligter as die kinders besluit het om skool toe te gaan.

Was die probleem met die kinders sê jy daarna toe heeltemal opgelos. Hulle het teruggegaan skool toe en skoolgegaan vir die res van daardie Novembermaand tot die skool gesluit het die einde van daardie jaar? -- Ja, dit was normaal gewees want ek onthou dat die departement van onderwys het hier 'n keuse gegee dat die studente of leerlinge wat wil skryf in matriek nou in Novembermaand kan skryf en die wat voel hulle sal volgende jaar, vroeg in volgende jaar skryf, sal ook daardie(10 kants gegee word om so te doen.

En wanneer sou hulle in die volgende jaar geleentheid gebied word om te skryf, weet u? -- Ek kan nie onthou in watter maand dit sou gewees het nie maar wat gesê was is dat dit in die begin van die nuwe jaar sou wees.

En het van die kinders toe gaan skryf daardie einde van die jaar, Novembermaand, of nie? -- Soos ek gesê het daar is kinders wat besluit het om te skryf die einde van die jaar en van hulle het besluit om die begin van die volgende jaar te gaan skryf. (20

En dit was die laaste en daarna was daar nooit weer moeilikeid by die skole in Tsakane nie? -- Ja, dit is so.

Afgesien van die feit dat daar nie studenterrade gekry is nie? -- Ja, dit is so.

Nou dan verstaan ek nie. Hoekom het jy dan die vergadering gaan bywoon in Soweto? -- Ek was soontoe omdat ek net wou gehoor het wat was die ander plekke se probleme aangaande die onderwys want hier is ons in Tsakane. Ons het ons bes probeer om die probleem van die onderwys op te los. Nou ja, ek het belang gestel om te weet wat is dit wat hulle ondervind. (30

Watse /..

Watse besondere belangstelling het jy daarby gehad? --
Dit is net om kennis te maak van watse probleme ondervind die
ander lokasies. Dit is al rede wat gemaak het dat ek soontoe
gaan.

Is daar 'n komitee gekies op daardie vergadering in Soweto?
-- Ek weet nie of 'n komitee gekies was daar nie want ek het
vervoerprobleme gehad. Ek het nie gebly tot die vergadering
uit was nie, ek is vroeg weg.

Solank jy was was daar besprekings gevoer van hoe om die
kinders se probleme op te los? -- Wat daar gesê is was dat (10
die mense sal die persone moet gaan sien wat in beheer is van
die onderwys. Ek neem aan hulle het gepraat van Pretoria se
gesag oor onderwys wat hulle sal moet gaan sien oor die probleme
wat bestaan het by die verskillende woonbuurte waarvandaan
hulle gekom het.

HOF: Wie het hierdie vergadering belê? -- Ek weet regtig nie.

MNR JACOBS: Maar wie het jou in kennis gestel? -- As ek nie
'n fout maak nie ek het dit in 'n koerant gesien.

HOF: Wie was die voorsitter? -- Ek sal nie met sekerheid kan
sê wie die voorsitter was nie, maar 'n persoon wat aan my (20
net bekend is as Vusi, ek vergeet wat sy van is, is wie ek
kan sê was voorsitter by die vergadering.

MNR JACOBS: Wil jy sê dat jy nie vir die hof kan sê wie het
die vergadering gereël nie? Of wil jy nie vir die hof sê nie?
-- Soos ek sê ek weet nie wie die vergadering belê het nie.

Het UDF nie daarmee iets te doen gehad nie? -- Nee, ek
weet nie daarvan nie.

Ken jy mnr Curtis Mkhondo? Was hy nie daar nie? -- Ek
hoor net van sy naam. Ek ken hom nie. Ek sal hom nie eens
kan uitwys nie. (30

Was / ..

Was daar nie mense van COSAS se hoofbestuur op daardie vergadering nie? -- Wat ek van geweet het is hier is 'n vergadering van die "parents' committees". Ek weet nou nie of daar iemand was van COSAS se hoofbestuur nie.

Ek wil dit net aan jou stel dat jy het daarnatoe gegaan spesifiek as 'n verteenwoordiger van Tsakane ouer/studente komitee wat gekies was in Tsakane. -- Soos ek alreeds gesê het daar was hoegenaamd geen rede vir Tsakane om daar verteenwoordig te word nie want die probleme van Tsakane was al opgelos gewees en die kinders het skool bygewoon. (10

En as daar bewerings is tot die teendeel dat die kinders het nie skool bygewoon nie, wat dan? -- Ek is seker daarvan dat die kinders skool bygewoon het tot die einde van die jaar.

In hierdie toespraak van jou wat jy gelewer het by Vusi se begrafnis, op bladsy 2 van BEWYSSTUK DA.183, sê jy in die tweede laaste paragraaf die volgende:

"What is happening countrywide is a clear indication that students have lost confidence in their parents and leaders."

Hoekom sê u so? -- Waar het u begin? (20

Dit is die tweede laaste paragraaf, die laaste sin. -- Ja.

Ek vra wat bedoel u daarby. -- Daarby bedoel ek dat as die kinders vertrou gehad het in die ouers, indien hulle probleme gehad het op skool sou hulle daardie probleme aan die ouers oorgedra het maar omdat hulle nie meer vertrou gehad het nie, het hulle dit nie gedoen nie.

Edele, beskuldigde 10 vra verlof om die hof vir 'n paar oomblikke te verlaat.

HOF: Ja, dit word toegestaan.

MNR JACOBS: Nou u sê 'n groot monsvol: dit gebeur landswyd. (30

Op / ..

Op watter basis sê u dit? -- Dit sê ek omdat volgens die koerante het 'n mens gevind dat dit ook gebeur het by ander plekke, dit wil sê dit het nie net in Tsakane plaasgevind nie maar ook by ander plekke. Dit is om daardie rede, op daardie basis dat ek dit so sê.

Mnr Mkhonza, ek wil dit aan u stel dat u was baie meer en baie dieper gemoeid in onderwysaangeleenthede as wat u nou aan die hof wil te kenne gee. Stem u saam? -- Ek weet nie. Verwag u kommentaar van my af?

Net die volgende sin sê jy, in daardie toespraak van (10 jou:

"The seeds of hatred and the seeds of war have been sown in the fertile soil of the students' grieving hearts and have begun to germinate".

-- Ja.

Is dit nie duidelik dat jy hierso verwys dat hierdie kinders met hulle ontevredenheid wil nou oorlog maak nie en hulle haat. -- Ja.

En dit is ook wat in Tsakane gebeur het toe hierdie jongeling dood is want jy koppel hom aan hierdie haat en aan (20 hierdie oorlog wat hulle wil maak. -- Hier praat ek van die jeugdige landswyd want die dinge wat gemaak het dat hulle die gedagte kry dat hulle ook maar kan terugstaan is wat gebeur het landswyd.

Ja, en hulle het ook die gedagte gekry om terug te slaan omdat dit landswyd is ook spesifiek in Tsakane waar hierdie oorledene gesneuwel het in daardie aanslag toe hulle teruggeslaan het. -- Ek weet nie of dit toegelaat sal word dat ek vir die hof hier breedvoerig sê hoekom ek hierdie sin so geformuleer het nie? (30

HOF: Ja, u moet dit sê. -- Ek sal dit vir die hof so stel. Hier bedoel ek die volgende. Tsakane was rustig gewees daar was geen probleme gewees nie tot en met die probleme wat ontstaan het in die woonbuurt, na aanleiding waarvan die polisie toe die woonbuurt binnegekom het. Met dié se inkoms in die woonbuurt, die optrede van die polisie was nie aanvaarbaar deur die gemeenskap nie. Dit is die manier waarop die polisie hulself gedra het wat dan eintlik later veroorsaak het dat hulle gehaat moet word deur hierdie leerlinge wat ek na verwys hierso. En daardie haat wat dan veroorsaak was (10 deur die polisie is die haat wat ek hier van praat wat dan aan die studente se gevoelens die persepsie gebring het dat hulle nie aanvaar word nie.

ASSESSOR: Dat wie nie aanvaar word nie? -- Dat die polisie nie aanvaar word deur die skoliere en die gemeenskap as gevolg van die optrede van die polisie nie.

HOF: Nr.10 is terug.

ASSESSOR: Verstaan ons u reg? U sê daar was eers nie probleme in Tsakane nie? -- Ja.

Toe ontstaan daar probleme, toe kom die polisie in. (20 Dit is wat u gesê het? -- Nee.

Dit is presies wat u gesê het. En toe sê u die polisie se optrede was nie so dat dit aanvaarbaar was nie. -- Wat ek probeer sê daar is dat voordat die polisie die woonbuurt van Tsakane binnegekom het, die gemeenskap van Tsakane het geen probleme gehad nie in hierdie sin dat daar geen mense was wat gedood is voor hulle daar gekom het nie.

Maar was daar nie altyd polisie in die woongebied nie? -- Dit is nou net die plaaslike polisie, plaaslike konstabels wat saam met ons woon daar in die lokasie. (30

So / ..

So het u nooit gesê of bedoel om te sê dat daar het probleme ontstaan, toe het die polisie ingekom en toe het daar reaksie gekom omdat die kinders nie gehou het van die polisie se optrede nie? -- Ek sê daar was hoegenaamd geen probleme gewees voordat die polisie in Tsakane gekom het nie. Voor die polisie daar gekom het was daar geen probleme gewees nie, met ander woorde in die sin dat daar geen rede was vir die polisie om daar te kom nie.

Het is getuienis - praat u van die inkoms van die polisie praat u van die inkoms van die weermag in Tsakane - op (10 watter datum? -- Dit was die aankoms van die weermag in Tsakane in die eerste week van Oktobermaand het ek begin sien dat daar vreemde voertuie was wat eintlik nie aan my bekend was nie.

MNR JACOBS: So eintlik bedoel u dan die aankoms van die weermag en nie die polisie nie? -- Die polisie, gewone SAP was daar gewees en later het die weermag daar opgedaag en dit was toe duidelik gewees dat hulle daar kom bly het.

Maar jy is mos nou verkeerd want jy het netnou vir die hof vertel dat voordat hierdie oorledene, Diale, geskiet is was daar moeilikheid gewees want hy het in opstand gekom (20 deur sekere eise te stel. Diale en al die skoliere daar het sekere eise gestel. -- Nee, nee, dit lyk my u maak my deurmekaar.

HOF: Ek wil dit duideliker stel want die vraag is ook nie vir my baie duidelik nie. Kyk 'n bietjie op BEWYSSTUK DA.183. Op die tweede bladsy heelbo, die sin is:

"Vusi's real offence is that he has dared to stand up for truth and students' demands at a moment when many saw the peril but no other was ready to brave the extremity of personal danger in order to aid in averting it."

Dus beteken dit basies Vusi het opgestaan terwille van die (30 studente / ..

studente se eise op 'n oomblik toe daar gevaar was wat baie gesien het, maar niemand bereid was om teen op te staan nie. Nou wat is daardie gevaar? -- Dit is die teenwoordigheid van die weermag tussen die gemeenskap van Tsakane.

So met ander woorde wat Vusi gedoen het is hy het in opstand gekom teen die weermag? -- Ja, Vusi en die ander skoliere.

Ja, maar ons praat nou van Vusi en dit noem u 'n "courageous vindication of basic student rights"? -- Ja, wat my betref die skoliere het 'n reg en hulle het 'n reg om 'n (10 komitee te hê wat namens hulle sal praat. Dit is die waarheid wat ons almal van weet.

Ons praat nou nie van die SRC nie. Ons praat nou van die "peril" wat u sê die weermag is en vir daardie opstand "he will be honoured wherever men have free souls". Beteken dit dat u dit goedkeur dat hy in opstand gekom het teen die weermag? -- Ja, ek stem saam met dit.

Trouens u plaas hom in dieselfde kategorie as Steve Biko, Mapetla Mohapi en Saul Mkhize. -- Nee, ek praat van mense wat oorlede is hierso. Ek plaas hom nou in dieselfde gelyke (20 van dooie mense soos daardie mense wat alreeds dood is, dit is al wat gesê is.

Ja, maar daar is miljoene en miljoene mense al dood. Waarom kies u net daardie drie? -- Ek kon enige een van die dooie mense gekies het van daardie miljoene.

Dit is waarom ek vir u vra waarom kies u dié drie? -- Dit is omdat ek van hulle in die koerante gelees het.

Wie is Mapetla Mohapi? -- Hy was 'n lid gewees van SASO.

In 1976? -- Ja.

En wat het van hom geword? -- Hy is oorlede al is dit (30

nie / ..

nie duidelik hoe hy doodgegaan het nie, maar die feit is dat hy oorlede is.

Nou sou ek billik wees as ek sê dat u die drie name genoem het omdat u hulle beskou het as leiers in die vryheidstryd? -- Ja, dit is so.

Sou dit dan billik wees om die verdere afleiding te maak dat u die opstand van Vusi teen die weermag as deel van die vryheidstryd gesien het? -- Nee.

Nou indien nie, waarom praat u van persoonlike gevaar en koppel dan sy dood aan hierdie drie persone? -- Dit is as (10 gevolg van die manier waarop hy sy dood gekry het en die manier waarop hierdie mense wat ek hier noem die dood gekry het.

Jy meen gewelddadige dood? -- Ja.

K1366 Kan u vir my sê die aanhaling wat u aan die begin van die toespraak maak, wie is die outeur daarvan? -- Ek kan nie onthou wie die outeur daarvan was nie maar dit is uit 'n boek wat ek gelees het.

Maar nou waarom het u juis daardie aanhaling gekies? -- Dit is omdat ek dit gesien het dat dit pas by hierdie toespraak wat ek besig was om op te stel. (20

Sou dit die tema wees van u toespraak? -- Nee, dit het gebeur dat dit 'n kwotasie was waarvan ek gehou het.

Maar hoe is dit toepaslik wat u daar sê? -- Nee, dit is eintlik nie van toepassing hier nie, soveel dat 'n mens veel waarde daaraan kan heg nie want as die hof self kyk daarso, ek het daarmee begin heelbo en die aanhalingstekens daar gesit en toe weer begin groet om aan te dui dat dit eintlik nie van soveel belang was in hierdie toespraak nie.

Maar beteken dit dan dat dit nie gesê is by die geleentheid nie? -- Ek het dit gelees. (30

Nou / ..

Nou waarom lees u vir hierdie mense daar dat daar baie min mense is wat die massas kan weerstaan? -- Waarom ek dit gelees het?

Ja. -- Soos ek gesê het dit is maar net 'n aanhaling wat ek van gehou het. Daar was geen rede vir my om dit verder te ontleed nie en daar was ook nie 'n rede gewees om nog verder dit te bespreek en te ontleed vir mense.

Het u gedink dat die mense die aanhaling baie goed sou verstaan soos dit aan hulle gelees word? -- Nee.

Ja, dankie.

(10

MNR JACOBS: Nou kyk, voordat die weermag inbeweeg het in Tsakane toe was daar 'n gooi van klippe na busse toe. -- Toe was daar?

Gooiery met klippe na busse toe. -- Ek weet nie daarvan nie.

Maar jy is dan 'n man wat daar in die woonbuurt is. Hoe sal jy nie daarvan weet nie? Jy is nie 'n man wat gewerk het nie? Of het jy daardie tyd nog gewerk? -- Ja, ek het nog gewerk.

Het jy gebruik gemaak van die busse? -- Nee, ek het nie gebruik gemaak van busse nie. (20

Nou nadat die weermag toe inbeweeg het, het hulle die busse begelei. Hulle het beskerming verleen aan die busse. Dan moes jy tog gesien het as jy in die aand met die bus gery het dat die weermag ry nou om julle te beskerm?

HOF: Ja, mnr Jacobs, luister na die antwoorde.

MNR JACOBS: Het jy dit nie agtergekem in die woonbuurt dat daar is nou busse wat ry en dat die weermag ry saam om hulle te beskerm nie? -- Nee, ek onthou nie dat ek die weermag gesien het die busse beskerm nie. (30

En / ..

En op die stadium toe die weermag inbeweeg het toe was daar al twee bierhuise of biertuine afgebrand gewees? -- Nee.

Weet u daarvan of weet u nie daarvan nie? -- Ek het daarvan gehoor lank na die begrafnis van Diale dat daar biersale is wat aan die brand gesteeek was.

HOF: Nee, laat ek dit net duidelik kry anders gaan ons verward wees. Het u gehoor dat dit aan die brand gesteeek was voordat die weermag inbeweeg het; het u later gehoor dat dit voor die weermag inbeweeg het aan die brand gesteeek was of het u net later gehoor dat dit wel gebrand het? -- Die weermag het (10 daar ingetrek in die begin van Oktobermaand. Dit was om en by 16 Oktober, 15/16 daar rond dat ek eers vir die eerste keer verneem het van die biersale wat gebrand was.

ASSESSOR: Destyds of daardie dag? -- Dit was om en by 15/16 Oktober dat ek vir die eerste keer daarvan gehoor het dat die biersale na die begrafnis aan die brand gesteeek was.

MNR JACOBS: So die aan die brandsteeek van die biersale het voortgevloei uit die begrafnis uit? -- Nee, nee, ek sê 'n paar dae na die begrafnis hoor ek hier op die 15/16de Oktober dat die biersale aan die brand gesteeek was. (20

Nou jy kan nie betwis dat voordat die weermag inbeweeg het daar wel biersale aan die brand gesteeek is en dat daar wel klippe na busse gegooi was nie? -- Ek ontken dit.

Op watter grond ontken jy dit want jy was 'n man wat gewerk het op daardie stadium. Jy het nie gesien wat gebeur in die lokasie op daardie stadium nie? -- Indien daar enigiets gebeur het in my afwesigheid van die lokasie af sou ek daarvan gehoor het van my bure of my mense van die gesin in die huis, dat daar iets gebeur het in die loop van die dag.

Was jy altyd op hoogte van wat in die lokasie gebeur (30

het / ..

het gedurende daardie tyd van die onluste? Vanaf Oktober 1984? -- Van belangrike goed wat plaasgevind het ons geweet ja behalwe van kleinighede van wat daar plaasgevind het wat 'n mens nie veel ag op kon geslaan het nie.

Kan u vir ons sê, is enige van die raadslede se huise aan die brand gestee? -- Nee, dit het ek nie gehoor nie.

Maar as jy dan so alles weet van die lokasie hoekom weet jy dan nie daarvan nie? Was die burgemeester se huis nie aangeval en gebrand nie? -- Nee, dit het nie gebeur nie.

Was daar van 'n ander raadslid, die onder-burgemeester (10 of die vise-voorsitter soos hulle hom noem, was sy winkels afgebrand? -- Ek het daarvan gehoor dat daar sekere winkels aan die brand gestee was.

Ek vra nou spesifiek vir jou van die vise-voorsitter of een van die raadslede se twee winkels wat gebrand was? -- As ek reg onthou ek het daarvan gehoor dat sy winkels aan die brand gestee is maar dit was nie in die jaar 1984 sover ek kan onthou nie.

Wanneer was dit? -- Dit was in die jaar 1985.

Wanneer in 1985? -- Ek onthou nie meer die maand so (20 goed nie, maar dit was tussen Junie en Maart se tydperk.

HOF: Wel, u sal seker eers Maart moet noem - Maart en Junie? -- Ja.

MNR JACOBS: Weet u of hulle bedank het, die burgemeester bedank het? -- Ek het daarvan gehoor ja, dat die burgemeester van Tsakane bedank het.

Wanneer het hy bedank? -- In daardie tydperk van die maande wat ek nou net genoem het.

Ander raadslede bedank? -- Dit is wat ek gehoor het, dat hulle ook bedank het. (30

Voor / ..

Voor of na die burgemeester? -- Ek kan nie meer so goed onthou wanneer nie.

Weet u dat polisiehuise gebrand was? -- Ja, ek het dit gehoor.

Hoeveel? -- Nee, ek weet nie, ek sal nie sê hoeveel nie.

Maar jy het mos alles wat belangrik is gehoor? Laat ons nou hoor hoeveel polisiehuise het gebrand? -- Ek sê ek het gehoor maar u weet jy sal nooit nie weet as mense vir jou somer sê nie. Een sal sê net een huis en 'n ander een kom daar en sê nee, dit is twee; en die ander een maak dit nog (10 erger en sê nee, dit is drie of vier.

Nou jy het die feite gehoor. Jy het netnou vir die hof gesê jy hoor alles wat daar aangaan. Kan jy vir ons sê meer as een of twee of drie of vier of vyf? -- Ek sal nie die getal kan sê nie want wat die getal betref is dit moeilik vir jou om die regte ding te kry.

HOF: Hoeveel tyd het u nog nodig?

MNR JACOBS: Met die getuie?

HOF: Ek wil nie die getuie onnodig laat oorstaan nie.

MNR JACOBS: Ek wil nog na die begrafnis toe gaan, daardie (20 hele belangrike deel oor die begrafnis waarnatoe ons sal moet terugkom.

HOF: Ja goed, ons het gedink of dit nie prakties kan wees om Vrydag nog 'n uur in te haal as ek dit reg het - of dit nie prakties sal wees om Vrydag eenvoudig aan te gaan deur middagete en dan om 14h00 op te hou, dan is ons klaar met alles wat ons moet inhaal nie. Sou dit die advokate pas?

BESPREKING OOR TYDPERK BENODIG OM VERLORE TYD IN TE HAAL

MNR BIZOS dui posisie aan met betrekking tot getuies wat geroep sal word op Vrydag. (30

DIE HOF VERDAAG TOT 13 MEI 1988.